

26 MEI 2019

Gr R tot Gr 3



Gaan en deel die goeie nuus!

Handelinge 16:9-15

voorbereiding

Neem saam:

Leidrade vir 'n skattejag en 'n "skat" wat gevind kan word.

Slangetjies en leertjies

Afdrukke van aktiviteit aan die einde van die les, tesame met inkleur kryte of potlode om die prent mee te versier.

OPENINGSGBED:
vra vir een van die kinders om te open met gebed.

bid tyd

gesels tyd

Weet julle maats, wat beteken: kommunikasie? Dis 'n groot woord wat sê dat ons boodskappe met mekaar deel. Op watter manier dink julle kan mens alles boodskappe deel? *Gee geleentheid vir antwoorde.*

Wanneer mamma of pappa vir ons iets vra, kommunikeer hulle met ons. Boodskappe kan of oorgedra word deur met mekaar te praat, of te skryf of te beduie. Wanneer boodskappe geskryf word, kan dit of 'n briefie wees wat geskryf word, of 'n sms of whatsapp wat gestuur word, of dalk 'n boodskap wat mamma op die yskas plak of wat juffrou in jou huiswerkboek skryf. Aan watter voorbeelde kan julle nog dink?

Wanneer ons boodskappe vir mekaar gee, of ons kry boodskappe, moet ons altyd seker maak ons hoor en verstaan die boodskap reg en vertel dit ook weer reg oor, want anders kan dit dalk op moeilikheid of iets heeltemal verkeerd uitloop.

Kom ons speel 'n spelletjie: *Telefoontjie. Laat die kinders in 'n kring sit. Gee nou 'n boodskap vir die laaste persoon in die kring, byvoorbeeld, "staan op, draai in die rondte en sit weer". Elkeen moet die boodskap oordra tot dit by die laaste een uitkom en hy/sy die opdrag moet uitvoer. Kyk of die boodskap reg oorgedra is.*

Soms gee ons 'n opdrag, maar mense luister dalk verkeerd of verstaan die boodskap verkeerd en dan doen hulle iets heeltemal anders as wat jy gevra het. Maar as die boodskap helder en duidelik is, weet die ander persoon presies wat van hom of haar verwag word.

gesels tyd (vervolg)

Indien die ruimte en tyd dit toelaat, doen 'n klein skattejag met so 4-5 leidrade. Werk die leidrade uit na gelang van die ruimte waar julle by mekaar kom.

In 'n skattejag, as mens nie die leidrade reg volg nie, kan jy nie die volgende leidraad ontvang nie en kan jy nie by die skat uitkom nie. Dit is daarom altyd belangrik om die leidraad van die skattejag goed te lees en presies te doen wat die leidraad van jou vra, want dit is die enigste manier om op die regte spoor te bly en die skat op die einde van die dag te ontvang.

As alternatief kan julle ook slangetjies en leertjies speel.

Hierdie liedere is slegs voorstelle. Sing gerus iets wat meer bekend is.

sing tyd

Liedjie: Moenie bang wees nie
Moenie bang wees nie, want Ek is by jou
Moenie bang wees nie, want Ek bly by jou
Moenie bang wees nie, Ek ken jou naam
Ek gaan oral met jou saam

Liedboek: Lied 548 Ek weet Jesus lewe
Ek weet Jesus lewe, daarom is ek bly
Selfs wanneer ek bang is, weet ek Hy's bang

Jesus is my koning en van alles Heer
Ek kan Hom vertel van al my pyn en seer

Selfs wanneer ek stout is, of my sleg gedra
Sal Hy my vergewe, as ek Hom dit vra

Ek weet Jesus lewe, daarom is ek bly
Ek is nooit alleen nie, Hy is saam met my

BYBEL tyd

Paulus het op baie sending reise gegaan. Waar hy en die mense wat saam met hom gegaan het ook aangeland het, het hulle die goeie nuus van die evangelie met almal gedeel.

Was julle al ooit op reis. Dalk het julle vir 'n vakansie gaan toer. As mens so gaan toer, beplan mens mos gewoonlik lank vooruit waarheen jy oral wil gaan,

watter plekke julle graag wil sien. Jy vind uit hoeveel dit kos om by elke plek in te gaan, sodat jy ook genoeg geld kan saam neem. Maar die sending reise waarop Paulus gegaan het, was nie soos 'n toer of 'n reis wat ons vir die vakansie aanpak nie. Nee, dis 'n reis waar hulle oral waar hulle gaan, vir mense gaan vertel hoe lief Jesus hulle het.

Paulus hulle het die reise ook nie sommer net aangepak en gegaan na plekke waar hulle gedink het dit sal nou lekker wees om daar vakansies te hou nie. Nee, hulle het gegaan waar die Gees van die Here hulle gelei het om heen te gaan. Die Heilige Gees het baie in drome met Paulus en die manne gepraat en so gekommunikeer. In die drome het hulle duidelik gesien na watter plek hulle volgende moes reis. Maak kom ons lees daarvan in die Bybel.

Lees vir die kinders voor uit Hand.16:9-10

Alhoewel ons nog te klein is om alleen op reis te gaan, moet dit ons nooit keer om vir mense van Jesus te vertel nie. Ons moet met ons maats en almal wat oor ons pad kom, die wonderlike nuus deel dat Jesus aarde toe gekom het om vir ons sonde aan die kruis te sterf, maar Jesus is nie meer dood nie, Hy het ook opgestaan en lewe en is hemel toe om vir ons plek te gaan regmaak om vir ewig by God te wees.

As jy dalk skrikkerig is om die nuus met iemand te deel, bid daarvoor. Vra vir Jesus om vir jou te wys met wie jy ook Sy liefde moet praat. En wanneer daardie stem hier binne in jou praat en wys met wie jy oor Jesus se liefde moet praat, moet jy nie stil bly nie. Die selfde Heilige Gees wat jou na die maats toe stuur, sal ook die woorde in jou mond lê wat jy moet sê.

Die goeie nuus van die evangelie is vir alle mense. Ons moet net gehoorsaam wees en gaan waar die Heilige Gees ons lei.

doen & leer tyd

Verbind die letters.

Ons kan die prentjie verskuil in die tekening op die volgend baldsy kry, wanneer ons die letters wat op mekaar volg, met mekaar verbind. Dis amper soos om leidrade te volg.


Ek en jy moet ook elke dag na die Heilige Gees luister en doen wat Hy van ons vra en vir mense van Jesus se liefde vertel. Op die manier kan ander mense ook van die skat van Jesus se liefde vir alle mense leer.

Voltooi die prent en kleur dit in. Gaan en deel ook nou die goeie nuus van Jesus se liefde met alle mense.

groet tyd

Dankie Jesus dat U vir ons die Heilige Gees gee om vir ons te wys met wie ons oor U liefde moet praat. Gee asseblief ook vir ons die regte woord om van U te getuig.

Amen



Verbind die letters

Die goeie nuus dat Jesus vir ons lief is, is soos 'n skat wat ons nie vir onself kan hou nie, maar met almal moet deel.

Verbind die letters en kleur die prent in.

